Tema: God gee aan ons wat moeg word sy onuitputlike krag.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps. 111- 2: 1,2,3,4

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied Lied 163: 1
Votum
Seën
Sing: Ps 33 - 1: 1,9,10 en 11
Geloofsbelydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 9 en 10.

Ons verootmoedig ons voor God
Wetlesing: Lukas 10: 25 – 37
Sing Sb 9 - 3: 1,2
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Jesaja 40: 12 – 31
Teksverse: 27 – 31
Woordbediening;
Sing na die Woordbediening: Ps. 18 - 1: 9,15 (staande)

Nagmaalformulier
Sing: Sb 17 - 3: 1,2
Gebruik van die Sakrament,
Sing Ps 68 - 1: 15 en 16
Dankgebed.

Ons antwoord op die Woordbediening
Liefdegawes (by die deure)
Sing Ps 84 - 1: 3,4
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons weet al uit ervaring dat baie mense teen hierdie tyd van die jaar tekens van moegheid en selfs moedeloosheid toon. Dit gebeur vanweë die druk van die lewe wat gewoonlik hierdie tyd baie hoog is. Ek verneem dat die NWU Potchefstroom Kampus ook verhoogde getalle in siekverlof beleef van mense wat vanweë geestessiektes/uitbranding op siekverlof geplaas word. Sielkundiges rapporteer wereldwyd hierdie tendens en skryf dit toe aan die impak van die Covid-19 Pandemie op die mens en op sy psige.

Om moeg te word en soms moed te verloor is ʼn gewoonlik menslike ervaring. Dit gebeur een of ander tyd met almal van ons. Dis is immer vanweë ons menslike swakheid dat ons moeg word en soms ook vanweë ons sondige geneigdheid dat ons moedeloos word. Ons gee so maklik moed op as dit lyk of dinge nie wil loop soos ons wou hê dit moet loop of gehoop het dat dit sal gebeur nie.

Teen die tyd dat hierdie profesie van God se grootheid aan Israel gebring was in Babel, was hulle ook al moeg en moedeloos. Die volk het gedink dat die Here hulle vergeet het en dat Hy nie meer vir hulle omgee nie. Hulle het gesê “die Here sien ons nie meer raak nie.” Dit is wat ons ook maar maklik sê as die lewe sy slegte kant van teespoed na ons toe draai en dit vir ons lyk asof dinge nie gou sal verbeter nie.

En hoe langer die beproewing duur hoe swakker word ons bene – soveel so dat ons onder die gewig van ons beproewing struikel en val. Dat ons moeg word en moed opgee.

En daarom, geliefdes, wil ons hemelse Vader ons vandag by Nagmaal opnuut kom verseker dat Hy aan ons wat moeg word sy onuitputlike krag gee. Anders gesê: dat God se bene sterker is as ons bene en sy bene langer hou as ons bene.
Ja, die ewige God is groter as ons beproewinge! Hy,versterk ons in beproewinge met sy ewige krag! Hoe heerlik is dit nie om te weet nie!

Want br en sr, wanneer beproewinge lank duur mergel dit die gelowige uit. Jy probeer positief bly en jy probeer om staande te bly en in die geloof. Jy bly hoop en glo dat die uitkoms gou sal kom en dat jy einduit sal kan volhou! Maar dan breek daar maar nog ‘n dag aan van siek wees. Of more by die werk wag weer maar die onaangename omstandighede of moeilike werk wat gedoen moet word. Of nog ‘n werksonderhoud wat niks oplewer nie. Of nog ‘n terugslag wat jou gees breek en jou moeg en moedeloos laat.

Ja, sê die Here, selfs mense wat sterk in die geloof is, word ook moeg en moedeloos. So het Israel ook gevoel en so beleef ons dit ook dikwels

En daarom kom die Here aan die einde van hierdie hoofstuk om die volk finaal te oortuig van sy grootheid as God! Dat daar niks in hierdie wêrelde is wat met God vergelyk kan word of wat so groot soos God kan wees nie! En vanuit hierdie heerlike onvergelykbare grootheid toon God ook sy groot genade: dat Hy sy groot krag met ons deel!

Kom ons kyk eerstens wat is die skerp punt van hierdie vergelyking.
Die Here wys ons hier op die feit dat Hy ‘n ewige God is wat nie moeg of mat word nie. God bestaan van ewigheid af tot in ewigheid. Hy begin nêrens nie en Hy eindig nêrens nie. God hou net aan om te wees in sy groot krag. Die Here kan dus nie moeg word nie – Sy grote krag is oneindig. Dit is “onuitputlik”! Dink aan ʼn put met water waaruit jy kan skep en aanhou skep en die watervlak daal nooit nie! So is God se krag – dit raak nie op nie!

Maw, brs en srs, God se bene – sy uithou, sy krag is sterker as ons bene. God hou net aan en aan. Niks maak Hom moeg of moedeloos nie. Nee, sy groot krag is soos ‘n energiebron wat net nooit ophou nie. Om hierdie rede kan God vir ons wat sou gou moeg word en moeg is sy krag gee om aan te hou.

Die twee woorde wat hier gebruik word naamlik “moeg” en “mat” dui iets verskillends aan. Moeg word dui die proses van kragverlies aan terwyl mat wees aandui dat jy nou die einde van jou krag bereik het. Dan is jy moeg! Jy is klaar! Maar daar los God ons nie – nee Hy gee vir ons van sy krag wat vir ons hoop gee, en gee dat ons nie moedeloos word nie, maar kan volhard tot die einde toe.

Hierdie krag wat die Here ons gee in tye van beproewinge gee vir ons ook nuwe perspektief op ons beproewinge. Dit word uitgebeeld met die beeld van die arend wat met sy vlerke hoop op vlieg. Ons kry hemelse perspektief op ons beproewing – die perspektief dat ons beproewinge nie noodwendig gaan verander nie – nee – sê vers 28 – ons kan nie God se pad met ons deurgrond nie. Ons weet nie wanneer die beproewing gaan ophou of verander nie – maar een ding weet ons: God gee ons krag om die beproewing te verduur. Om aan te hou en nie moeg en moedeloos te word nie.

Die Here se krag gee dus vir ons volharding. Dat ons einduit kan volhou – dit is wat bedoel word met die beeld van mense wat hardloop en nie moeg word nie en mense wat loop en nie mat word nie. Hulle volhard deur God se krag!

Die tweede saak wat ter sprake kom in hierdie vergelyking is: hoe word die brug tussen die grote ewige en sterke God en die klein, swak en kortstondige lewe van die mens gebou? Nog anders hoe kry ons deel aan God se krag?

Die antwoord lê in die name waarmee die Here hier die volk aanspreek. Hy noem hulle op die naam van “Jakob” van ouds, wie se naam deur die Here na Israel verander is. God beroep Hom dus op sy “verbond” met sy volk. Hy beroep Hom op sy verbondsbeloftes wat Hy aan hulle gemaak het en wat Hy in stand sal hou.

Br en sr, op grond van daardie selfde verbondsbeloftes kry ons ook deel aan God se ewige krag. Ons Here Jesus Christus is die volkome vervulling van daardie verbondsbeloftes wat God deur die eeue aan sy kinders gemaak het! Christus het vir ons toegang bewerk tot die groot krag van die Vader! Hoe? Want Christus het vir ons volhard. Ons lees in Heb 12:3 dat Jesus volhard het tot die einde toe, omdat Hy geweet het wat die heerlike uitkoms van sy lyde sal wees! Selfs toe Hy moeg en moedeloos was, het Hy volhard. Hy het die verbond vir ons vervul en deur sy krag en volharding kry ons deel aan God se krag. Christus is dus die sluis wat God se krag vir ons ontsluit sodat ons in oorvloed daarvan kan deel. Sonder Christus bly jy dus kragteloos en moedeloos.

As bewys sigbare bewys van hierdie verbond wat God met ons het, van hierdie belofte van bystand en krag, het God deur Christus die Nagmaal laat instel! Die Nagmaal met sy brood en wyn wat dui op die ligaam en bloed van Christus! Net soos kos en wyn ’n mens se liggaam versterk – so versterk Jesus jou geesteskrag! Dat jy uit jou moegheid kan opstaan en dat jy weer nuwe moede kan kry! Dis immers die betekenis van die ete! Eet en word sterk, kry nuwe krag en moed!

Maar die vraag bly nog staan: hoe kry ek persoonlik ook deel daaraan? Hoe word ons bene sterk gemaak? Christus het die sluis van God se krag ontsluit maar hoe word ek versterk! Ek moet op die Here “wag” sê vers 31. Geliefdes, hierdie “wag” beteken nie stilsit

en niksdoen nie. Nee, ek moet met aktiewe vertroue my hoop op Christus bou en wag todat die Here my versterk! “Wag” beteken dat ek aktief in die geloof die Here Jesus opsoek en van Hom my krag en hoop verwag! Dat ek in my tye van moegheid en moedeloosheid nie maar net bly lê nie, maar na die Here Jesus toe gaan en by Hom my krag vind!

Ek moet nie moedeloos word as ek na die Here Jesus gaan en alles nie sommer in ’n oogwink weer reg kom nie! “Wag” beteken ook net juis dit “Wag”. Wag want jy weet die Here is besig om met jou te werk! Hy is besig om jou nuwe perspektief tee en dinge in plek te stel wat jou weer sal optel en sterk maak!

“Wag” beteken ook dat ek moet leer dat wanneer ek op my swakste is, sal God op sy sterkste deur my werk. Want dit is hoe die Gees van God werk. Hoe minder ek van myself verwag, hoe minder ek op my bene van uithou en krag staatmaak – hoe meer sal die Gees God se krag in my wek. Wag beteken dus ook om biddend die Heilige Gees se werking in jou af te wag en aan te gryp soos dit vir jou duidelik word.

Vers 31 sê: ons kry “nuwe” krag. Die woord wat daar vir “nuwe” gebruik word, beteken ook om iets oud is om te ruil vir iets wat nuut is. Amper soos ons daagliks ons ou vuil klere omruil vir skoon nuwe klere, so versterk die Heilige Gees ons ook elke dag met nuwe krag!

Die profeet Jeremia moes hierdie geloofswaarheid op ’n harde manier leer toe die Here die volk in ballingskap laat gaan en hulle in die verskriklikste ellende beland. Hoor wat sê Jeremia in Klaagliedere 3: “[21]Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop: [22]deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, [23]dit is elke môre nuut. U trou is groot. [24]Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.”

Habakuk getuig van dieselfde ervaring! Dat sy bene lam geword het met die Here se aankondiging van die komende oordeel maar terselfdertyd het die Here hom krag gegee: “[17]Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, [18]nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. [19]Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van ’n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop. “

God die Sterke gee ons krag, geloof, hoop en volharding waarmee ons einduit kan volhou! Tot op die laaste dag!

Geliefde brs en srs – voel jy moeg en is jy dalk moedeloos? God kom troos ons vandat met sy Woord en met die Sakrament dat ons deel kry aan sy sterk en onuitputlike krag! Hy kom bemoedig ons met die wete dat Hy, die ewige God, groter is as ons beproewinge. Hy is nie net groter as dit nie – Hy kom ook om ons krag te gee sodat ons kan volhard. Dat ons weer kan opstaan en aangaan met dit waartoe die Here ons roep!

Gaan dus na God in Jesus Christus ons Here – Hy maak die sluis van God se krag vir ons oop! Wag op die Here – ja, ook wanneer jy nie meer kan staan nie, selfs ook as jy geval het – want dan sal God se krag jou optel, nuwe krag, nuwe perspektief gee en met sy krag sal jy tot die einde toe kan volhard. Kom, kom eet en drink en word sterk deur God se krag.

Amen